

VERGOEDINGSverslag

Hierdie verslag gee 'n uiteensetting van ons vergoedingsbeleid en die vergoedingsimplementeringsverslag vir uitvoerende direkteure en nie-uitvoerende direkteure se vergoeding vir die 2022-finansiële jaar en word in drie dele aangebied:

- i) Deel 1: Die agtergrondverslag wat konteks gee oor ons vergoedingsbeleid en prestasie;
- ii) Deel 2: 'n Oorsig van die vergoedingsbeleid soos wat dit van toepassing sal wees in die 2023-finansiële jaar; en
- iii) Deel 3: Die vergoedingsimplementeringsverslag wat in besonderhede aandui hoe die bestaande beleid in die jaar onder oorsig geïmplementeer is, insluitende die openbaarmaking van betalings aan uitvoerende direkteure en nie-uitvoerende direkteure gemaak in die jaar geëindig 30 Junie 2022.

Deel 1: Agtergrondverslag

Remgro se vergoedingsfilosofie word gelei deur sy sakestrategie, naamlik 'n langtermynbenadering om waarde op 'n volhoubare wyse te lewer.

Vanweë die aard van die besigheid maak die vergoedingsraamwerk, op 'n organisasiewyse grondslag, voorsiening vir 'n vaste vergoeding (d.w.s. salaris en byvoordele) en 'n langtermyn-aandeelplan, wat slegs waarde bied indien uitstaande prestasievoorwaardes (waar van toepassing) en diensvoorwaardes bereik word. As 'n beleggingshouermaatskappy, beskou die vergoedings-en-nominasiekomitee (die komitee) verhoogde markkapitalisasie, volhoubare groei in die aandeelprys en bogemiddelde dividendopbrengs as kritieke meetinstrumente om oor tyd waarde aan aandeelhouders te lewer. In ooreenstemming met hierdie benadering betaal Remgro nie korttermynaansporings (d.w.s. kontantbonusse) nie en glo dat bestuur se besluitneming op die lang termyn gefokus moet wees. Dit is in ooreenstemming met die filosofie dat hulle vergoed moet word waar waardeskepping bewese is, sonder oormatige risikoneming oor die kort termyn. Hierdie tweeledige benadering het tot gevolg dat Remgro se vergoedingsbeleid gefokus is en dat onnodige vlakke van kompleksiteit vermy word. Ons vergoedingsfilosofie en -beleid word in meer besonderhede in Deel 2 van hierdie verslag behandel.

Oorsig van prestasie- en vergoedings-uitkomste vir die jaar onder oorsig

Remgro het 'n gediversifiseerde portefeulje beleggings, versprei oor verskeie industrieë, waaronder gesondheidsorg, verbruikersprodukte, finansiële dienste, infrastruktuur, nywerheid, asook media belange.

Die eerste helfte van die 2022-finansiële jaar was steeds onbestendig weens die gewelddadige Julie-onluste en die dreigement van 'n vierde vlaag van die Covid-19-pandemie te midde 'n stadige inentingsproses, wat daartoe gelei het dat die wêreldgemeenskap verdere reisbeperkings na Suid-Afrika

ingestel het. Namate ons uit die krisis beweeg en begin herstel het, het makro-ekonomiese uitdagings na vore gekom en word onbestendigheid wêreldwyd ervaar.

Gedurende die tweede helfte van die 2022-finansiële jaar het die Russiese inval in Oekraïne ekonomiese wêreldwyd, sowel as plaaslik, geraak weens stygings in voedsel- en energiekoste, asook verhoogde inflasie in ontwikkelde ekonomiese tot vlakke wat nie die laaste 10–15 jaar ervaar is nie. Die volgehoue styging in inflasie en rentekoerse het opnuut kommer oor 'n resessie in hierdie ontwikkelde markte laat ontstaan. Plaaslik het die styging in brandstofpryse, voortslepende beurtkrag, die algemene agteruitgang van infrastruktuur, die verhoogde voorkoms van natuurrampe en die moontlikheid van 'n wêreldresessie ons ekonomiese herstel belemmer.

Remgro gaan voort om te fokus op prosesse wat hom goed gedien het in sy ryke geskiedenis van 74 jaar en bly verbind tot sy strategiese prioriteite, sy korporatiewe burgerskaps-mandaat en waardegedrewe etos. In hierdie verband is goeie vordering gedurende die verslagtydperk gemaak ten opsigte van strategiese inisiatiewe namate Remgro hom vir die toekoms posisioneer. Transformerende korporatiewe aksies in hierdie verband sluit die onlangs aangekondigde Mediclinic International plc (Mediclinic), Distell Group Holdings Beperk (Distell), Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) en Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI)-transaksies in.

Remgro se verbintenis tot sy beleggingsfilosofie, en onderliggende beleggings, het vrugte afgewerp en die jaar onder oorsig is gekenmerk deur 'n herstel in finansiële prestasie teenoor die vorige periode, met die meeste finansiële aanwysers op hoër vlakke as voor die pandemie. Remgro is meer as bemoedig dat sy omsigtige bestuur, stewige balansstaat en vertoningsrekord ten opsigte van kapitaaltoewysing (soos bewys deur die veerkragtige portefeulje) hom in staat gestel het om, ondanks winde van voor, 'n vinnige herstel te bewerkstellig.

Totale gewaarborgde pakket (TGP)

In ooreenstemming met Remgro se filosofie ten opsigte van billike en verantwoordelike vergoeding, is die volgende besluit geneem met betrekking tot verhogings:

- Uitvoerende direkteure, lede van die bestuursraad en senior bestuur het verhogings in die omgewing van 4.25% vir die 2022-finansiële jaar ontvang.
- Personeel op bestuursvlakke het verhogings van gemiddeld 4.50% en nie-bestuursvlakpersoneel het salaris-aanpassings van gemiddeld 5.00% vir die 2022-finansiële jaar ontvang.

Langtermynaansporings (LTA)-planne

Die vestigingsuitkomste van die 2019-LTA-planne, waarvan die prestasietydperk gedurende die 2022-finansiële jaar geëindig het, was 71%. Besonderhede van die vestiging van hierdie toekennings word in Deel 3 van hierdie verslag uiteengesit.

Vaslegging van omgewings-, maatskaplike en bestuurs (ESG)-maatstawwe in toekenning

Remgro streef daarna om die voorkeur betroubare beleggingsmaatskappy te wees wat konsekwent volhoubare waarde vir belanghebbendes skep. Terwyl werkplek-, ekonomiese, maatskaplike en omgewingsvolhoubare praktyke nog altyd deel van Remgro se kernwaardes was, en verskans is in die maatskappy se algehele bestuursraamwerk, is dit Remgro se doelwit om 'n ESG-leier te wees en word toenemende klem op ESG-praktyke geplaas.

Remgro se grootte en invloed as beleggingshouermaatskappy, stel dit in staat om belange te bekom in ondernemings wat groot genoeg is om 'n wesentlike uitwerking op die maatskappy se resultate te hê. Die strewende om te belê in besighede wie se waardes en oogmerke met syne ooreenstem, vorm 'n sentrale deel van Remgro se sake- en beleggingsfilosofie en plaas die maatskappy in 'n posisie om die implementering van 'n ESG-strategie, en die verskansing van ESG-raamwerke regoor die groep, te beïnvloed.

In hierdie verband het Remgro in 2021 'n ESG-reis onderneem met die strewende om 'n sterk ESG-strategie en -raamwerk te ontwikkel wat regoor die besigheid, asook die besighede van onderliggende beleggings, geïmplementeer kan word. Binne Remgro, as houermaatskappy, is toepaslike strategiese en operasionele ESG-komitees en werkgroepe in 2021 daargestel om te verseker dat die maatskappy by sy korporatiewe burgerskapsmandaat en waardegedrewe etos betrokke bly. As deel van ons toekomsfokus, en om ons ESG-impak te optimaliseer, sal Remgro as houermaatskappy daarop fokus om onderliggende beleggings aan te moedig om 'n soortgelyke strategiese en bedryfsfokus ten opsigte van ESG te aanvaar.

Reis tot dusver

Om bestuur aan te spoor en te motiveer om stukrag aan hierdie reis te gee, is kwalitatiewe ESG-maatstawwe in 2021 in Remgro langtermynaansporingskema (LTA's)-planne opgeneem wat gedetailleerde strategiese teikens meet wat op spesifieke datums bereik moet word. Deur die opneem van spesifieke ESG-maatstawwe in die LTA demonstreer Remgro sy openbare verbintenis tot ESG. Die eerste LTA-toekennings, met ESG-maatstawwe, is in 2020 (synde die 2019- en 2020-LTA-toekennings) toegeken. 'n Oorsig van die uitkomst van hierdie kwalitatiewe maatstawwe word hieronder weerspieël:

- Bestuur bereik suksesvol en betyds die spesifieke oogmerke wat aanvanklik gestel is. Dit sluit die volgende in:
 - Die wysiging van direksie- en komiteemandate.
 - Die daarstelling (met bepaalde opdragte) van 'n strategiese ESG-komitee en 'n operasionele ESG-komitee.
 - Die ontwikkeling en goedkeuring van 'n beleggingsraamwerk vir die oorweging van nuwe beleggings, sowel as 'n hersiening van die bestaande portefeulje.
 - Die strategiese betrokkenheid van eksterne kundigheid gedurende die aanvanklike fase om 'n behoorlike en relevante fokus te verseker.
- Die reikdoelwit om sleutelfiliaalmaatskappye te beïnvloed om ESG-teikens en sleutelprestasie-inisiatiewe (SPI's) vir LTA- en/of korttermynaansporings (KTA)-planne op uitvoerende bestuursvlak te stel, is deels bereik.
 - Twee van die vier filiaalmaatskappye het ESG-doelwitte gestel wat gekoppel is aan persoonlike SPI's, KTA- en/of LTA-planne.

- Buiten die bereiking van ooreengekome oogmerke, is die volgende bykomende uitkomst en konteks belangrik om kennis van te neem:
 - Bestuur erken dat die grootse impak deur sleutelonderliggende beleggings sal wees en het die volgende nege onderliggende beleggings, wat 80% van Remgro se INBW verteenwoordig, geïdentifiseer as fokus vir die ESG-reis oor die medium termyn.

Distell	Mediclinic	RCL Foods
CIVH	Air Products	OUTsurance
TotalEnergies	Wispeco	Siqalo Foods

- Ten einde 'n meer gefokusde benadering te volg, is die volgende nege sleutel ESG-fokusareas geïdentifiseer. Hierdie areas sal deurlopend hersien word om te verseker dat dit relevant bly.

Klimaatsverandering en energie	Waterbestuur	Afvalbestuur
Diversiteit en inklusiwiteit	Maatskaplike impak	Werknemer-verhoudings
Gesondheid en veiligheid	Verskaffingsketting en verkryging	Bestuur

- Buiten die beleggingsraamwerk, het die bedryfskomitee 'n ESG-beleggingshandleiding ontwikkel om aan beleggingsbestuurders 'n omvangryke bron van inligting te verskaf om 'n betekenisvolle gesprek met huidige en potensiële onderliggende beleggings te voer en insette vir die ESG-omsigtigheidsprosesse te maak.
- Onderliggende beleggings is by verskeie geleenthede, waaronder 'n HUB-konferensie, met 'n sterk ESG-fokus, formeel betrek om hulle bewus te maak van Remgro se ESG-strewe.
- Bestuur is in die proses om 'n sentrale ESG-betrokkenheidsentrum te skep om ESG-bedrywighede (en moontlik ander geïdentifiseerde areas) by onderliggende beleggings te koördineer en te fasiliteer.

Dit is die komitee se siening dat die spesifieke kwalitatiewe teikens uitdagend genoeg, en in ooreenstemming met die maatskappy se strategie, is, terwyl dit 'n stewige fondament verskaf om die maatskappy se ESG-strewe te verwesenlik.

Soos aangedui in die 2021-verslag, toe die ESG-reis nog in sy kinderskoene was, het die komitee kwalitatiewe ESG-maatstawwe (30% van die ESG-strewe – aanvangsprestasie) vir die eerste jaar van die prestasietydperk van die 2021-LTA-toekenning gestel wat daarop gemik was om die fondament te lê waarop kwantitatiewe maatstawwe ingesluit kan word. Na aanleiding hiervan, en bostaande kwalitatiewe maatstawwe gekoppel aan die 2019- en 2020-LTA-toekennings, was die komitee in 'n posisie om kwantitatiewe maatstawwe te stel vir die oorblywende twee jaar van die prestasietydperk vir die 2021-LTA-toekenning, sowel as die 2022-LTA-toekenning, wat in Desember 2022 gemaak word. Dit word in meer besonderhede in Deel 2 uiteengesit. Dis belangrik om daarop te let dat, uit 'n kwantitatiewe maatstafperspektief beskou, Remgro beoordeel

het waar dit die belangrikste portefeulje-impak kan maak, en in watter vorm. Na versigtige oorweging, en met inagneming van ons beleggingsfilosofie om ondersteuning en strategiese leiding aan onderliggende beleggings te verskaf (sonder om by hul dag-tot-dag-bedrywighede betrokke te raak, in ooreenstemming met ons filosofie van gedentraliseerde bestuur), is gevind dat die belangrikste impak wat Remgro kan maak, is om leiding te gee in die implementering van 'n ESG-raamwerk en -strategie binne die geïdentifiseerde groep van onderliggende beleggings. Gevolglik meet die kwantitatiewe maatstawwe Remgro se sukseskoers ten opsigte van die impak wat gemaak is en word dit as 'n bestuurs/invloedfaktor uitgedruk.

Meer besonderhede word in Deel 2 en 3 van hierdie verslag verskaf.

Die spesifieke areas wat kommer gewek het, saam met die aksies wat onderneem is op grond van die kwessies wat geopper is, word in meer besonderhede hieronder gelys.

Stemresultate en aandeelhouersdeelname

By die algemene jaarvergadering (AJV) wat op 25 November 2021 gehou is, het 69.9% van Remgro se gewone aandeelhouers ten gunste van die vergoedingsbeleid gestem, terwyl 88.2% van die gewone aandeelhouers ten gunste van die vergoedingsimplementeringsverslag gestem het. Aangesien meer as 25% van die gewone aandeelhouers teen die vergoedingsbeleid gestem het, is teenstemmende aandeelhouers, in nakoming van King IV en die noteringsvereistes van die JSE, genooi om met die maatskappy in gesprek te tree. Aandeelhouers is verdere geleentheid tot deelname gebied by wyse van virtuele aanbiedings tydens kontaktoere wat onderneem is.

Aandeelhouers-kommer

Aksie geneem/Remgro se reaksie

Vergoedingsbeleid

Tydlyn vir instelling van kwantifiserende ESG-maatstawwe

Die voorneme van die komitee en bestuur was om kwantifiserende ESG-maatstawwe so spoedig as wat prakties moontlik is in te stel. Om hierdie rede is die teiken- en strek-maatstawwe vir 2021, 2022, en verder aan, nie in die 2021-vergoedingsverslag openbaar nie. As 'n houermaatskappy is Remgro nie ten volle bewus van die volwassenheidsvlakke van ESG by die onderskeie onderliggende beleggings, asook die basislynmaatstawwe vir sleutel ESG-maatstawwe nie.

Wanneer die maatskappy eers 'n beter begrip van die ESG-landskap by onderliggende beleggings het, en in 'n posisie is om betekenisvolle kwantitatiewe ESG-maatstawwe te verwoord, en daartoe te verbind, sal dit by die 2021- en 2022-toekennings gevoeg word.

Aanpassing van vervaldatums van bestaande toekennings

Al die LTA-toekennings wat geraak word deur die verlengde vervaldatums hou verband met die Aandelegroei-reg-skematoekennings (SARs) wat in 2013, 2014 en 2015 aan deelnemers gemaak is. Met die verlengde vervaldatums sal die werklike aandeelprys steeds die toekenningsprys moet oorskry om waarde vir deelnemers te skep, en die vereiste nagekom word dat deelnemers in diens moet wees of as "goeie verlaters" beskou word om geskik te wees om vir die uitoefening van hul opsies ingevolge die planreëls te kwalifiseer. Dit is belangrik om op die volgende te let, synde sommige van die redes wat die komitee oorweeg het toe die verlengde vervaldatum goedgekeur is:

- Die meerderheid van die 2013-, 2014- en 2015-toekennings was reeds "geldwaardig" (d.i. die werklike aandeelprys was hoër as die toekenningsprys) voor die kwaai negatiewe impak van die Covid-19-pandemie. Hierdie gebeurtenis was heeltemal buite die beheer van die deelnemers en hulle sou dus "gestraf" word vir iets waarvoor hulle geen beheer gehad het nie.
- Remgro het geen KTA, of ander formele erkenningskemas nie, dus is die LTA, buiten gewaarborgde betaling, die enigste maatstaf om werknemers te werf, aan te spoor en te behou.
- Al Remgro se werknemers neem deel aan die LTA-plan (en nie slegs uitvoerende bestuur nie) sodat die besluit om die vervaldatum te verleng alle deelnemers raak.
- Remgro se uitvoerende bestuur het gedurende die Covid-19-pandemie onvermoeid gewerk om 'n volhoubare toekoms vir Remgro, onderliggende beleggings en aandeelhouers te verseker.
- Die Covid-19 pandemie het aansienlike aandeelwaarde vir aandeelhouers vernietig en insgelyks is aansienlike waarde ook vernietig vir deelnemers aan Remgro se LTA-plan. Deur die verlenging van die vervaldatums van hierdie toekennings streef die komitee daarna om die belange van Remgro se uitvoerende bestuur en werknemers in ooreenstemming met dié van aandeelhouers te bring. Indien uitvoerende bestuur dus suksesvol is om Remgro se aandeelprys te laat groei (tot voordeel van aandeelhouers) sal hulle ook voordeel trek uit hul doelgerigte en gefokusde pogings.

Aandeelhouders- kommer

Aksie geneem/Remgro se reaksie

Om die boonste kwartiel as teiken te stel vir gewaarborgde vergoeding, is nie die beste praktyk nie en aandeelhouders het nie duidelikheid oor wie die eweknieë in die Mercer-opname is nie.

Met betrekking tot die kommentaar oor Remgro se filosofie om die boonste kwartiel te teiken, is dit belangrik om op die volgende te let:

- Remgro het doelbewus gekies om TGP te teiken teen die boonste kwartiel van die mark vanweë die afwesigheid van enige KTA-geleenthede vir uitvoerende bestuur (en alle ander werknemers). Die komitee se filosofie is dat die uitvoerende bestuur van 'n houermaatskappy nie aangespoor moet word om korttermyn-besluite te neem nie, maar eerder om waarde oor die lang termyn vir aandeelhouders te skep. Die verskil tussen die mediaan- en boonste kwartiel vergoed vir 'n klein persentasie van die KTA-geleenthede wat uitvoerende bestuur in vergelykbare omstandighede tipies verdien.
- Die totale vergoeding (TGP plus LTA) van uitvoerende bestuur word teen die totale vergoedingsmediaan (insluitend KTA-geleentheid) van 'n vergelykende groep gemeet. Op 'n totale vergoedingsvergelyking teiken Remgro die markmediaan.

Bestuur het die lys van deelnemende maatskappye aan Mercer se uitvoerende bestuursopname met aandeelhouders gedeel.

Moet lang dienende nie-uitvoerende direkteure steeds as onafhanklik beskou word

Die komitee glo dat op 'n grondslag van wese bo vorm, hierdie lang dienende nie-uitvoerende direkteure steeds as onafhanklik beskou kan word. Die komitee en die direksie is tevrede dat hulle onafhanklikheid op geen manier deur hul lengte van diens beïnvloed word nie.

Daarby is die komitee van mening dat die oorheersende besorgdheid nie moet wees om onafhanklikheid ten alle koste na te streef nie, maar eerder of die bestuurlikzaam kundig, vaardig, ervare, divers en onafhanklik genoeg is om sy taak te verrig en verantwoordelikhede na te kom.

Vergoeding is die belangrikste faktor in die aansporing van werknemers op alle vlakke om Remgro te help om sy strategiese doelwitte te bereik en 'n volhoubare besigheid oor die langtermyn te bou. Die komitee bly verbind tot skakeling met aandeelhouders en verwelkom konstruktiewe terugvoering wat hulle ten opsigte van die maatskappy se benadering tot vergoeding mag gee ten einde billike en verantwoordelike vergoeding te verseker.

By die 2022-AJV sal Remgro sy vergoedingsbeleid en vergoedingsimplementeringsverslag voorlê vir twee afsonderlike nie-bindende adviserende stemmings deur aandeelhouders (verwys na gewone besluite nommer 13 en 14 in die kennisgewing aan aandeelhouders op bladsy 168) en die komitee sien uit na 'n positiewe uitkoms in hierdie verband.



Aktiwiteite van vergoedingskomitee in 2022

Die komitee se aktiwiteite in 2022 was daarop gerig om die bereiking van Remgro se strategiese doelwitte te monitor. Buiten sy normale funksies het die komitee:

- die gebruik van Mercer se uitvoerende bestuursopname as norm vir die bepaling van die verskillende komponente van uitvoerende bestuursvergoeding hersien. Na oorweging en beraadslaging het die komitee besluit om Old Mutual se REMchannel-opname van die JSE se top 40-maatskappye as primêre maatstaf vir uitvoerende bestuursvergoeding te gebruik en die resultate daarvan op te weeg teen 'n toegewyde sekondêre normbepaling wat deur die maatskappy se vergoedingsadviseurs gedoen word.
- die gewysigde prestasievoorwaardes (finansiële, sowel as ESG) gekoppel aan LTAs te hersien en te wysig, asook die individuele SPI's van die uitvoerende bestuurspan. Die hersiene individuele SPI's is in ooreenstemming gebring met Remgro se strategiese doelwitte en ESG-maatstawwe.

Toekomstige fokusareas

Gedurende die 2023-finansiële jaar sal die komitee oorweging aan die volgende skenk:

- Om voort te gaan met die reis om die vergoedingstruktuur in ooreenstemming met Remgro se ESG-strategie te bring, met die oog daarop om kwantitatiewe ESG-prestasiemaatstawwe deel van die LTA plan ontwerp te maak.
- Om, in ooreenstemming met ons filosofie van billike en verantwoordelike vergoeding, voort te gaan om enige teenstrydighede te identifiseer en aan te spreek. Om geleenthede en metodes te oorweeg om inligting oor billike en regverdigte vergoeding met aandeelhouders te deel.
- Om 'n minimum aandeelhoudingsvereiste (MAV) vir Remgro-bestuur bekend te stel en 'n MAV-raamwerk te ontwikkel wat by onderliggende beleggings ingestel kan word.
- Om die huidige direksie-samestelling op te weeg teenoor die beginsels van inklusiwiteit en diversiteit, vaardighede, ervaring en toepaslike onafhanklikheid.
- Om te verseker dat ons interne menslike hulpbronne- en vergoedingsbeleid transformasie regdeur die besigheid ondersteun.

Adviseurs

Gedurende die 2022-finansiële jaar het die komitee 'n eksterne vergoedingskonsultant, PricewaterhouseCoopers Geïnk (PwC), bestuur en die direksie, betrek by die uitvoering van sy pligte en verantwoordelikhede.

Die komitee het die advies, menings en dienste oorweeg wat van PwC in die 2022-finansiële jaar ontvang is. Die komitee is tevrede daarmee en beskou PwC ten volle objektief en onafhanklik.

Ten slotte

Die komitee is van mening dat Remgro se vergoedingsbeleid in die 2022-finansiële jaar sy gestelde doelwitte bereik het. Remgro streef voortdurend daarna om die maatskappy se vergoedingspraktyke te verbeter en sien uit na sy skakeling met aandeelhouers om hul ondersteuning te kry vir die besluite oor die vergoedingsbeleid en die vergoedingsimplementeringsverslag (verwys na gewone besluite nommer 13 en 14 in die kennisgewing aan aandeelhouers op bladsy 168) van die AJV op 30 November 2022.



Deel 2: Vergoedingsbeleid

Die vergoedingsbeleid bied 'n oorsig van Remgro se vergoedingsbeginsels vir die organisasie as 'n geheel en is van toepassing op alle permanente werknemers. Die inligting wat in hierdie beleid verskaf word, is op aanbeveling van die komitee deur die direksie goedgekeur. Hierdie vergoedingsbeleid sal aan 'n nie-bindende adviserende stem deur aandeelhouers by die volgende AJV op 30 November 2022 voorgelê word.

Bestuur

Die komitee word deur die direksie aangestel, met gedelegeerde gesag, en die funksies van hierdie direksiekomitee is goed gevestig binne Remgro se bedryfsomgewing. In wese is die rol van die komitee om billike en verantwoordelike vergoeding regdeur die maatskappy te verseker, deur die daarstel en implementering van toepaslike beleide, en dat die openbaarmaking van vergoeding akkuraat, volledig en deursigtig geskied. Uiteindelijke verantwoordelikheid berus by die direksie.

Die komitee word bestuur met 'n mandaat wat jaarliks deur die direksie hersien en goedgekeur word, en wat aanbevelings vir beste bestuurspraktyk insluit. Dit dien ook om lede van die komitee te help met die uitvoering van hul rol en verantwoordelikhede.

Die komitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure, waarvan drie onafhanklik is. Die lede van die komitee vir die jaar onder oorsig was:

- Mnr J P Rupert (voorsitter);
- Me S E N De Bruyn (hoof onafhanklike nie-uitvoerende direkteur);
- Mnr P J Moleketi (onafhanklike nie-uitvoerende direkteur); en
- Mnr F Robertson (onafhanklike nie-uitvoerende direkteur).

Die direksie erken die aanbevole praktyk in King IV dat die voorsitter van die direksie nie die voorsitter van hierdie komitee behoort te wees nie, maar om die volgende redes word hierdie reëling as toepaslik beskou:

- Die noodsaaklikheid om die maatskappy se vergoedingsbenadering in ooreenstemming met die korporatiewe strategie te bring;
- Die voorsitter ontvang geen vergoeding of fooie van Remgro nie en dus is daar geen belangebotsing ten opsigte van die goedkeuring van fooie vir nie-uitvoerende direkteure nie;

- Die voorsitter is 'n beduidende aandeelhouer in die besigheid en daarom word dit nie as onbillik beskou dat hy as voorsitter van hierdie komitee dien nie; en
- Volgens die samestelling van die komitee bly die meerderheid lede van die komitee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure.

Die komitee het twee keer gedurende die jaar formeel vergader en het verskeie informele interaksies gehad ter voorbereiding van die formele vergaderings. Besonderhede oor die bywoning van die formele vergaderings word in die korporatiewe bestuursverslag op bladsy 84 uiteengesit.



Die opdrag van die komitee, soos vervat in die mandaat, sluit die volgende in:

Ten opsigte van die nominasiefunksie –

- Help die direksie met die proses om geskikte kandidate te identifiseer om as direkteure aan te stel;
- Verseker die daarstelling van 'n formele en deursigtige proses vir die aanstel van direkteure;
- Hou toesig oor die ontwikkeling van 'n formele induksieprogram vir nuwe direkteure;
- Evalueer die prestasie van die direksie; en
- Verseker dat formele opvolgplanne vir die direksie, hoofuitvoerende beampte (HUB) en ander bestuursraadslede ontwikkel en geïmplementeer word.

Ten opsigte van die vergoedingsfunksie –

- Hou toesig oor die daarstelling van 'n organisasiewye vergoedingsbeleid wat positiewe uitkomst bevorder binne die ekonomiese, maatskaplike en omgewingsverband waarin Remgro sy sake bedryf;
- Bevorder 'n etiese kultuur en verantwoordelike korporatiewe burgerskap binne die vergoedingsverband;
- Hou toesig oor die billike, verantwoordelike en deursigtige daarstelling en administrasie van vergoeding van alle werknemers;
- Adviseer oor die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure, vir goedkeuring deur die aandeelhouers by die AJV;
- Verseker dat vergoeding voldoen aan Remgro se behoeftes en strategiese doelwitte en in ooreenstemming met die aandeelhouers se goedgekeurde plan en reëls geadministreer word;
- Hou toesig oor die voorbereiding, en aanbeveling aan die direksie, van die vergoedingsverslag wat in die geïntegreerde jaarverslag ingesluit moet word; en
- Verseker dat die vergoedingsbeleid en vergoedingsimplementeringsverslag vir twee afsonderlike nie-bindende adviserende stemme deur aandeelhouers by die AJV voorgelê word.

Koppeling van ESG met vergoeding

Bestaande praktyke

Werkplek-, ekonomiese, maatskaplike en omgewingsvolhoubaarheidspraktyke was nog altyd deel van Remgro se kernwaardes en deur die nuwe ESG-strategie word hierdie praktyke in die algehele vergoedingsraamwerk verskans.

Koppel met ESG Koppel met vergoeding

Omgewing	Insluiting van ESG-maatstawwe in LTA-planne Individuele SPI's sluit spesifieke ESG-maatstawwe in
Maatskaplik	TGP van nie-bestuurspersoneel is mededingend en is geposisioneer rondom die 75ste persentiel van die mark Alle werknemers neem deel aan die LTA-plan Werknemers op laer vlakke ontvang oor die algemeen hoër persentasie verhogings
Bestuur	Balanseer werknemerbelange en dié van aandeelhouers deur groei in INBW te vergoed Tree op in ooreenstemming met internasionale beste praktyke deur malus- en clawback-beginsels in veranderlike vergoeding te inkorporeer Duidelike en deursigtige vergoedingsrapportering Ontwikkeling van 'n ESG-bestuursraamwerk

Remgro se ESG-reis

Soos genoem in Deel 1 van hierdie verslag, is dit Remgro se strewe om 'n ESG-leier te word en is sy fokus daarop om as beleggingshouermaatskappy sy impak maksimaal te verhoog deur die daarstelling en implementering van 'n ESG-strategie en -bestuursraamwerk regdeur die groep van geïdentifiseerde onderliggende beleggings. Remgro het sy ESG-reis in 2021 begin.

Om stukrag aan die uitvoering van hierdie doelwit te gee, en te verseker dat dit genoegsame prioriteit geniet, is ESG-maatstawwe in 2021 as 'n nie-finansiële komponent, met 'n gewig van 20%, by LTA's ingevoeg. Die ESG-maatstawwe vir die 2019- en 2020-toekennings was kwalitatiewe maatstawwe, gefokus op bestuur en risiko, sowel as strategiese beleggingsbesluite en portefeulje-impak, en teikens wat gestel was wat spesifieke datums bereik moes word om die grondslag te lê vir die daarstelling en implementering van 'n ESG-strategie dwarsdeur die groep.

Ten einde voort te bou op die grondslag wat gelê is deur die bereiking van kwalitatiewe mylpale het Remgro kwantitatiewe ESG-maatstawwe ingestel in die vorm van 'n bestuursinvloedfaktor (soos na verwys in Deel 1 hierbo) in die 2021- en 2022-LTA's, wat gemik is op die daarstelling van toepaslike ESG-bestuurstrukture by sleutel onderliggende beleggings.

Billike en verantwoordelike vergoeding regdeur die maatskappy

Die bereiking van Remgro se strategie is afhanklik van die waardes, talent en vaardighede van alle werknemers van die maatskappy en daarom beskou Remgro werknemers as kritieke bates. Remgro is verbind tot die beginsel om alle werknemers van die maatskappy te vergoed op 'n wyse wat billik en verantwoordelik is, en streef daarna om 'n omgewing te skep wat inklusief is. Dié onderneming word in die vergoedingsbeleid vasgelê.

Die TGP van alle werknemers word rondom die 75ste persentiel van die mark geposisioneer en neem in ag dat die maatskappy nie 'n KTA het nie. Alle werknemers, en nie

net bestuurspersoneel nie, kom daarby in aanmerking vir die ontvangs van LTA-toekennings. Werknemers op die laer vlakke kry hoër persentasie verhogings as ander werknemers.

Deurlopende handelinge in dié verband sluit in:

- Beoordeling van vergoedingsvoorwaardes tussen werknemers op dieselfde vlak in ooreenstemming met die beginsel van "gelyke betaling vir werk van gelyke waarde" ten einde te verseker dat ongereverdigde vergoedingsongelykhede geïdentifiseer en hanteer word.
- Investerings in mense, wat insluit: talentbestuur, ontwikkelingsgeleenthede vir alle werknemers, verskeie opleidingskursusse, volgens behoeftes geïdentifiseer, en 'n werknemer-waardeaanbod, wat met korporatiewe waardes en kultuur belyn is.
- Billike en verantwoordelike vergoedingspraktyke bly 'n sleutelfokusgebied vir die komitee in die 2023-finansiële jaar.

Komponente van vergoeding

Remgro het twee komponente van vergoeding, naamlik vaste vergoeding (wat byvoordele insluit) en LTAs in die vorm van die ou Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroei-skema (SAR-skema), die huidige Remgro Ekwiteitsvereffende Aandelegroei-regplan (SAR-plan) en die Remgro Ekwiteitsvereffende Voorwaardelike Aandeelplan (CSP). Remgro betaal nie korttermynaansporings nie en glo dat bestuur se besluitneming op die lang termyn moet fokus, in ooreenstemming met die filosofie dat hulle vergoed moet word waar langtermyn waarde wat geskep word, bewese is, sonder oormatige risikoneming oor die kort termyn.

Dieselfde vergoedingsbeginsels en -komponente is van toepassing op alle werknemers van Remgro. Die vergoedings-beleide, -beginsels en -praktyke van Remgro se onderliggende beleggings, word deur vergoedingskomiteestrukture in daardie organisasies bestuur.

Die besonderhede van die komponente word op die volgende bladsy uiteengesit:

Vaste vergoeding

Doel

Om mededingende vaste vergoeding te verskaf wat toepaslike talent sal lok en behou. Dit weerspieël 'n individu se verantwoordelikhede, ervaring en rol.

Wat behels dit?

Hierdie element, waarna verwys word as die TGP, bestaan uit komponente soos kontantsalaris, reistoelae en die maatskappy se bydrae tot aftreebefondsing en die mediese skema. Alle gewaarborgde byvoordele word befonds uit die TGP.

Aftreebefondsingsbydraes wissel tussen 12.5% en 27.5% van pensioendraende vergoeding en sleutelaspekte van die aftreefonds is die volgende:

- Aftreebesparingskomponent, met beleggingsopsies vir die lid en 'n trustee-verstekopsie;
- Versekerde, buigsame sterfte-, ongeskiktheids- en begrafnisvoordele; en
- Bewaringsopsies wanneer die fonds verlaat word.

Lidmaatskap van 'n mediese skema is verpligtend vir alle werknemers en bydraes word uit hul TGP betaal. Alle werknemers kom in aanmerking vir lidmaatskap van die interne mediese skema, Remedi, wat drie verskillende opsies bied waaruit lede jaarliks kan kies. Hierdie opsies poog om die uiteenlopende gesondheidsbehoefes en bekostigbaarheid van lidmaatskap van die fonds te akkommodeer.

Onder spesifieke omstandighede bied Remgro ook aan werknemers na-aftrede mediese voordele. Volledige besonderhede hieroor verskyn in die finansiële jaarstate wat op die maatskappy se webwerf by www.remgro.com beskikbaar is.

Slegs werknemers van wie vereis word om gereeld te reis vir sakedoeleindes, ontvang reistoelae, wat uit hul TGP befonds word.

Hoe word die TGP opgeweeg?

Gewaarborgde pakkette vir alle werknemers word aan die boonste kwartiel van die mark vir vergelykende maatskappye gemeet, soos deur onafhanklike salaris-opnames bepaal.

Remgro maak tans gebruik van die Old Mutual REMchannel-nasionale opname as maatstaf vir die vergoeding van werknemers. Vir uitvoerende bestuur en senior bestuurders word ook gekyk na die meer gefokusde REMchannel-opname van die JSE se top 40-maatskappye.

Die TGP word so vasgestel dat dit mededingend in die mark is om te verseker dat die regte talent gelok en behou word. Dit ondersteun ook die vergoedingsbenadering van geen korttermyn kontantbonusse nie en ontmoedig oormatige risikoneming aangevuur deur aantreklike kontantbonusse.

Jaarlikse hersieningsproses

Die komitee hersien jaarliks die TGP vir uitvoerende bestuur en keur die persentasiestyging vir werknemers onder uitvoerende bestuursvlak goed. As deel van hierdie hersiening oorweeg die komitee die werklike TGP, die LTA-geleentheid, sowel as totale vergoedingsuitkoms vir alle werknemers (insluitend bestuursraadslede en senior bestuurders) teenoor mediaan-maatstafdata in die mark.

Aanpassings aan die TGP hang van die werknemer se verantwoordelikhedsvlak en sy/haar algehele prestasie af.

Die HUB, wat alle komiteevergaderings op uitnodiging bywoon, mag by sulke hersieningsvergaderings verhogings in die TGP, met uitsondering van sy eie, voorstel.



Veranderlike vergoeding

Aandegroeireg-plan

Voorwaardelike aandeleplan

Doel

Verseker belyning tussen persoonlike welvaartskepping en korporatiewe strategie en ondersteun langtermyn-werknemerbehoud.

Hoe werk dit?

Dit is 'n ekwiteitsvereffende plan waardeur regte om aandele te ontvang gelyk aan die langtermyn groei in Remgro se aandeleprys, en die markkapitalisasie van die maatskappy, aan gekose werknemers toegeken word. Die regte word gratis toegeken. Die uiteindelijke vestiging van aandele sal aan die voorgenome prestasievereistes vir gekose deelnemers, asook indiensvoorwaardes, onderhewig wees.

Deelnemers sal slegs 'n aandeelhouer in Remgro word, met aandeelhouerregte, insluitend dividend- en stemreg, op die vereffeningsdatum.

Dit is 'n ekwiteitsvereffende plan ingevolge waarvan aan alle werknemers 'n toekenning bestaande uit die voorwaardelike reg om Remgro-aandele op 'n toekomstige datum te mag ontvang. Die voorwaardelike aandele word gratis toegeken. Die uiteindelijke vestiging van aandele sal aan die voorgenome prestasievereistes vir gekose deelnemers, asook indiensvoorwaardes, onderhewig wees.

Deelnemers sal slegs 'n aandeelhouer in Remgro word, met aandeelhouerregte, insluitend dividend- en stemreg, op die vereffeningsdatum, wat kort na die vestigingsdatum is.

Wie kwalifiseer vir deelname?

Die SAR-plan word tans slegs gebruik as aansporing vir uitvoerende direkteure en werknemers op senior vlak.

Alle heelydse werknemers van die maatskappy mag aan die CSP deelneem.

Bepaling van waarde/toekenning

Die komitee maak jaarlikse toekennings ingevolge die SAR-plan en die CSP aan deelnemers, gebaseer op 'n veelvoud van TGP. Die vasgestelde jaarlikse veelvoude word bepaal met inagneming van die deelnemer se posgraad, rol, die behoefte om sleuteltalent te lok en/of te behou en die waarde wat die deelnemer vir Remgro en aandeelhouers toevoeg. Die sigwaarde-toekenningsveelvoude is soos volg:

HUB	3.00 x TGP
Uitvoerende direkteure en voorgeskrewe beampies	2.25 x TGP
Ander werknemers	10% – 85% van TGP (verskillende veelvoude gegrond op die deelnemer se posgraad, rol en prestasievereistes (indien toepaslik))

Vir die HUB, uitvoerende direkteure, ander lede van die bestuursraad (voorgeskrewe beampies) en geïdentifiseerde uitvoerende beleggingsbestuurders word hierdie veelvoude eweredig verdeel tussen SAR-plan-toekennings en CSP-toekennings (d.w.s. 50% SAR en 50% CSP). Hierdie toekennings is onderhewig aan uitstaande finansiële prestasievereistes van die maatskappy, ESG-prestasiemaatstawwe, sowel as individuele prestasievereistes wat fokus op bestuur en risiko, insluitend strategiese beleggingsbesluite en portefeulje-impak.

Vir ander deelnemers is 100% van die toekenning onder die CSP. Hierdie toekennings is slegs onderhewig aan voortgesette indiensname.

Hierdie veelvoude val binne huidige markverwante verwysings.

Daarbenewens maak die reëls van die CSP voorsiening vir *ad hoc*-toekennings aan deelnemers in uitsonderlike omstandighede, soos deur die komitee bepaal.

Verwys na die vergoedingsimplementeringsverslag op bladsy 111 vir vorige SARs en CSPs toegeken.



Dividendekwivalente

Nie van toepassing nie.

Deelnemers sal geregtig wees om dividendekwivalente op gevestigde aandele aan die einde van die vestigingstydperk van die toekenning te ontvang. Die dividendekwivalent sal ophoop oor die vestigingstydperk en as bykomende aandele op die vestigingsdatum gelewer word.

Veranderlike vergoeding (vervolg)

Aandegroeiereg-plan

Voorwaardelike aandeleplan

Vestiging en uitoefening/vereffening

Deelnemers aan die SAR-plan word vergoed met Remgro-aandeel ter waarde van die groei van hulle regte op 'n spesifieke aantal Remgro gewone aandeel.

Die vroegste intervalle waarbinne die SARs vestig en uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum;
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum; en
- Die oorblywende gedeelte vyf jaar na die toekenningsdatum.

Alle SARs moet binne sewe jaar na die toekenningsdatum uitgeoefen word waarna onuitgeoefende SARs verval.

Vestiging is onderhewig aan voltooiing van die dienstydyperk en bereik van prestasievoorwaardes (waar toepaslik).

Toekennings ingevolge CSP sal soos volg vestig:

- Een-derde drie jaar na die toekenningsdatum;
- 'n Addisionele derde vier jaar na die toekenningsdatum; en
- Die oorblywende gedeelte vyf jaar na die toekenningsdatum.

Vestiging is onderhewig aan voltooiing van die dienstydyperk en bereik van prestasievereistes (waar toepaslik).

Prestasievereistes

Die SAR-plan het 'n inherente prestasiemaatstaf waarvolgens deelnemers slegs by die aandeel-aansporingskema sal baatvind indien daar langtermyn-aandeelprysgroei, en dus waardeskepping, vir Remgro se aandeelhouers is.

2021 Toekenning

Die komitee het die onderstaande prestasievereistes goedgekeur vir 2021 se SAR- en CSP-toekennings, wat in Desember 2021 gemaak sal word. Hoewel die ESG-reis steeds in sy kinderskoene was toe die vorige toekennings gemaak is, het die komitee gevoel dat dit wenslik sal wees om voort te gaan om kwalitatiewe ESG-mylpale in die LTAs in te sluit om toepaslike fokus op die reis te handhaaf. Hierdie kwalitatiewe maatstawwe maak ongeveer 30% van die ESG-maatstawwe uit en is gestel vir die eerste jaar van die prestasietydperk. Die komitee het sedertdien kwantitatiewe maatstawwe daargestel, wat ongeveer 70% van die oorblywende maatstawwe uitmaak, in die tweede en derde jaar van die prestasietydperk.

'n Oorsig van die finansiële en nie-finansiële prestasie-metings vir die 2021 SAR- en CSP-toekennings word hieronder uiteengesit:

Finansiël

Prestasie-maatstaf	Gewig	Drempel (30%-vestiging)*	Op standaard (50%-vestiging)*	Uitstaande (100%-vestiging)*
INBW	55%	Jaar een INBW plus VPI oor drie finansiële jare	Jaar een INBW plus 3 – 5 jaar SA langtermyn effektekoers oor drie finansiële jare	Jaar een INBW plus 3 – 5 jaar SA langtermyn effektekoers plus 5% oor drie finansiële jare
Vrye kontantvloei (VKV)	25%	Jaar een VKV plus VPI oor drie finansiële jare	n.v.t.	Jaar een VKV plus VPI plus 1.25% oor drie finansiële jare

* Vir prestasie tussen hierdie punte sal liniêre vestiging geld.

Veranderlike vergoeding (vervolg)

Aandegroeireg-plan

Voorwaardelike aandeleplan

Prestasievereistes (vervolg)

Nie-finansieel – ESG

Prestasie-maatstaf	Gewig	Drempel (30%-vestiging)*	Op standaard (50%-vestiging)*	Uitstaande (100%-vestiging)*
ESG	20%	<p>Die volgende moet teen Junie 2023 bereik word:</p> <ul style="list-style-type: none"> Identifiseer en skakel met eksterne kundigheid om 'n strategiese ESG-raamwerk te ontwikkel en te bepaal op watter omgewingsgebiede Remgro, onder andere, sal fokus (bv. water, koolstofvoetspoor, plastiek, ens.), berei 'n ESG-voetspoor voor vir Remgro se onderliggende beleggings, daarstelling van meetbare teikens en uitstaande doelwitte en identifiseer hoe om ons ESG-oogmerke aan die mark te kommunikeer. Om 'n raamwerk vir ESG-besigheidsbeleggings te ontwikkel wat gebruik kan word wanneer nuwe beleggings oorweeg word. Dit sal ten doel hê om aan te dui in watter nywerhede/bedrywighede Remgro nie sal belê nie en sal ook aan moontlike beleggings 'n raamwerk verskaf van dit waaraan vóór investering, of binne 'n sekere tydsbestek ná investering, voldoen moet word. Voorbereid om spesifieke ESG-teikens en basislynmaatstawwe vir gekose teikens en drempel- en uitstaande prestasiehindernisse vir elke teiken by November 2022 se Remgro vergoedings-en-nominasie-komitee vergadering te verskaf. 	<p>Die volgende moet teen 31 Desember 2023 bereik word:</p> <ul style="list-style-type: none"> Beïnvloed vier uit nege (ongeveer 44%)** geïdentifiseerde onderliggende beleggings wat beskik oor 'n ESG-gefokusde direksie (of soortgelyke)-subkomitee, met die nodige opdrag, en 'n formele ESG-strategie, asook opgedateerde vergoedingsbeleid wat ESG-beginsels verskans.*** Beïnvloed onderliggende beleggings om 'n kundige(s) aan te stel om kritieke omgewingsmaatstawwe, soos koolstofuitlatings, by geïdentifiseerde onderliggende beleggings te meet om basislynmetings vas te stel, asook omgewingsdoelwitte waarna gestreef word. 	<p>Die volgende moet teen 30 Junie 2024 bereik word:</p> <ul style="list-style-type: none"> Beïnvloed ses uit nege (ongeveer 67%)** geïdentifiseerde onderliggende beleggings wat beskik oor 'n ESG-gefokusde direksie (of soortgelyke)-subkomitee, met die nodige opdrag, en 'n formele ESG-strategie, asook opgedateerde vergoedingsbeleid wat ESG-beginsels verskans.***

* Vir prestasie tussen hierdie punte sal lineêre vestiging geld.

** Die aantal maatskappye kan met verloop van tyd verander vanweë korporatiewe bedrywighede. Strategie moet gefokus bly op nagenoeg 80% van INBW.

*** Deur hierdie teikens sal die maatskappy behoorlike bestuur, rapportering en meting van ESG-bedrywighede beïnvloed.

Daarby kan die vestiging van toekennings gewysig word gegrond op die mate waarin die deelnemer voldoen aan hul individuele prestasievereistes. Let daarop dat bereiking van hierdie individuele prestasievereistes net die uitslag van die algehele finansiële en nie-finansiële ESG-prestasievereistes kan verminder. Toekennings sal net vestig as die deelnemer in die diens van die Remgro-groep bly.

Veranderlike vergoeding (vervolg)

Aandegroeireg-plan

Voorwaardelike aandeplan

Prestasievereistes (vervolg)

Gedurende die 2023-finansiële jaar sal die komitee die toestaan van nog SAR- en CSP-toekennings oorweeg, sowel as die prestasievoorwaardes daaraan gekoppel. Hierdie toekennings sal, met inagneming van die goedgekeurde reëls, oorweeg word. Die komitee sal die bestaande finansiële en nie-finansiële voorwaardes hersien om seker te maak dat dit relevant en buigsaam bly en voortgaan om bestuur se pogings te fokus op toepaslike maatstawwe. Die komitee sal, onder andere, die volgende oorweeg wanneer prestasievoorwaardes gestel word:

1. Die maatstawwe wat bepaal wanneer finansiële prestasievoorwaardes oortref word.
2. Om te verseker dat nie-finansiële ESG-maatstawwe sal voortgaan om voldoende eise aan bestuur te stel en die maatskappy te fokus om die ESG-doelwitte, soos uiteengesit in hierdie verslag en die afsonderlike ESG- en volhoubaarheidsverslag, te verwesenlik. Dit kan die volgende insluit:
 - a. Om voort te bou op die huidige progressiewe prestasiemaatstawwe en te verseker dat alle geïdentifiseerde maatskappye (100%) se bedrywighede in ooreenstemming met die behoorlike bestuur, rapportering en meting van ESG-aktiwiteite is.
 - b. Om rapportering aan aandeelhouders oor die maatskappy se vordering met ESG, asook dié van geïdentifiseerde onderliggende beleggings, te verbeter en 'n berekening te maak van kweekhuisgasuitlatings, asook die gesamentlike basislyn-kweekhuisgasuitlatings.
 - c. Om die maatskappy se ESG-raamwerk te hersien om spesifieke medium- en langtermyn-teikens vir gesamentlike maatskappydoelwitte te stel, soos kweekhuisgasuitlatings, ter ondersteuning van Suid-Afrika se verbintenis ingevolge die Parys-ooreenkoms.

Hierdie prestasievereistes sal van toepassing wees op uitvoerende direkteure en ander lede van die bestuursraad (voorgeskrewe beamptes) ten opsigte van die SAR-plan-toekennings en aan uitvoerende direkteure, ander lede van die bestuursraad (voorgeskrewe beamptes) en op geïdentifiseerde uitvoerende beleggingsbestuurders ten opsigte van CSP-toekennings.

Alle ander deelnemers aan die CSP sal retensie-toekennings ontvang en moet by vestiging in diens van die Remgro-groep wees.

Vroeë beëindiging van diens

Deelnemers mag as "swak verlaters" of "goeie verlaters" geklassifiseer word en die volgende is van toepassing:

- *Swak verlaters*
Deelnemers sal alle ongevestigde toekennings verbeur.
- *Goeie verlaters*
'n *Pro rata*-gedeelte van die deelnemer se ongevestigde toekenning(s) sal vroeg vestig op die datum van diensbeëindiging in die mate wat die komitee bepaal dat die prestasievereistes (indien enige) nagekom is. Die gedeelte van die aandele wat vestig, sal 'n weerspieëling wees van die aantal voltooide diensmaande vanaf die toekenningsdatum tot die datum van diensbeëindiging, gedeel deur die totale aantal maande van die vestigingstermyn.

Daarby maak die reëls van die SAR en CSP in buitengewone omstandighede, soos deur die komitee bepaal, voorsiening vir vroeë vestiging van toekennings op die datum van diensverlating.

Verandering van beheer

In die geval van 'n verandering in die beheer van die maatskappy voor die vestigingsdatum van enige toekenning, sal 'n gedeelte van die toekenning wat deur 'n deelnemer gehou word daarna, sodra dit redelikerwys prakties is, vestig. Die gedeelte van die toekenning wat vestig, sal bepaal word op grond van die aantal diensmaande vanaf die toekenningsdatum tot die datum van beheerverandering, gedeel deur die totale aantal maande van die vestigingstermyn, asook die mate waarin prestasievereistes, indien van toepassing, nagekom is. Enige toekennings wat nie vestig nie, sal onderhewig aan die diskresie van die komitee, steeds aan die voorwaardes van die betrokke toekenningsbrief onderhewig wees.

Verandering in aandeelkapitaal

Deelnemers sal voortgaan om aan die SAR-plan en die CSP deel te neem in die geval waar daar 'n verandering in die maatskappy se aandeelkapitaal is. Die komitee mag sodanige veranderings aan die toekenning maak, of sodanige ander stappe doen, om te verseker dat deelnemers nie in 'n swakker posisie is as wat hulle sou gewees het voor die gebeure nie, en dat die billike waarde van die toekenning na die gebeure wesenlik dieselfde is as die billike waarde daarvan voor die gebeure.

Veranderlike vergoeding (vervolg)

Aandegroeireg-plan

Voorwaardelike aandeleplan

Verwateringsperke

Individuele grondslag

Geen toekenning sal aan 'n enkele deelnemer gemaak word indien, ten tye van, of as gevolg van sodanige toekenning, die totale aantal Remgro gewone aandele ten opsigte waarvan enige onuitgeoefende SAR-plan-toekennings of CSP-toekennings, aan die deelnemer gemaak, 5 290 000 Remgro gewone aandele, nagenoeg 1% van die uitgereikte gewone aandele, sal oorskry nie.

Algehele grondslag

Net so sal geen toekenning gemaak word indien, ten tye van sodanige toekenning, of as gevolg daarvan, die totale aantal Remgro gewone aandele ten opsigte waarvan onuitgeoefende SAR-plan-toekennings uitgeoefen mag word, of CSP-toekennings, 26 450 000 Remgro gewone aandele, nagenoeg 5% van die uitgereikte gewone aandele, sal oorskry nie.

Nakomingoorwegings

Indien dit aanvaar word dat alle deelnemers aan die SAR-plan al hul opsies uitoefen wat op 1 Julie 2022 aan hulle toegeken is, sal Remgro 351 092 aandele moet lewer om sy verpligtinge na te kom. Hierdie berekening is gebaseer op Remgro se sluitingsaandeleprys op 30 Junie 2022 van R129.91. 'n 10%-toename of -afname in die Remgro-aandeleprys sal vereis dat die aantal aandele wat gelewer moet word 476 337 aandele en 250 415 aandele onderskeidelik sal wees.


As veronderstel word dat alle toekennings wat ingevolge die CSP gemaak is, ten volle vestig op 1 Julie 2022, sal Remgro 2 757 424 aandele moet lewer om sy verpligtinge na te kom.

Op 30 Junie 2022 het Remgro genoeg tesourie-aandele gehou om sy verpligting na te kom om aandele aan LTA-deelnemers te lewer.

Scenario's van maandelike totale vergoedingsuitkomst

Die volgende illustrasies beeld die betalingsamestelling en maandelike vergoedingsuitkomst vir die HUB, hoof finansiële beamppte en die voorgeskrewe beamppte gemiddeld teen minimum-, op standaard- en uitstaande vlakke uit.

Element	Minimum	Op standaard	Uitstaande
TGP	TGP vir 2023		
LTA	Nul	Die aantal instrumente toegeken in die 2022-finansiële jaar (ten opsigte van die 2021-toekenning) wat sal vestig indien die teikenprestasie (50%) behaal is, vermenigvuldig met die billike waarde (op toekenningsdatum).	Die aantal instrumente toegeken in die 2022-finansiële jaar (ten opsigte van die 2021-toekenning) wat sal vestig indien uitstaande prestasie (100%) behaal is, vermenigvuldig met die sigwaarde (op toekenningsdatum).



Malus en clawback-beleid

